KENNISGEWING / NOTICE 31/2015

WATERBEPERKINGSMAATREËLS EFFEKTIEF VANAF 1 NOVEMBER 2015

1. Die gebruik van drinkbare water, soos deur die Raad versprei, vir die natlei van tuine, grasperke, parke en openbare areas word soos volg beperk:

   Tuine ensovoorts mag al om die ander dag vanaf 05:00 tot 10:00 en vanaf 16:00 tot 22:00 natgelei word.

   - Tuine by huise met onewe straatnommers mag op **onewe** kalenderdae natgelei word.
   - Tuine by huise met **ewe** straatnommers mag op **ewe** kalenderdae natgelei word.
   - Geen tuin mag op twee agtereenvolgende dae natgelei word.

2. Die gebruik van drinkbare water, soos deur die Raad versprei, vir die natlei van tuine, grasperke, parke en openbare areas is **verbode tussen 10:00 en 16:00 en tussen 22:00 en 05:00**.

3. Die gebruik van tuinslange wat direk of indirek aan die Raad se verspreidingstelsel gekoppel is, is verbode vir die was of afspoel van motorvoertuie, motorfietse of motorbote, los of vaste strukture, paadjies, sypaadjies en geplaveide areas (ongeag die aard van die material wat vir die plavei van sodanige areas gebruik is).

4. Alle urinale wat outomaties spoel, moet afgeskakel word in alle geboue wanneer sodanige geboue gewoonlik deur die publiek en/of personeel buiten skoonmakers ontruim word. U aandag word ook op Buitengewone Provinsiale Koerant Nommer 5014 (1996) gevestig, wat die gebruik van urinale wat outomaties spoel, verbied.

5. Die beperkings waarna in paragrawe 1 en 2 verwys word, sal nie van toepassing wees:

   a) Op die natlei van plante in kwekerye wat as sakeondernemings bedryf word, kwekerye wat deur die Raad of Staat besit word en versamelings wat vir navorsingdoeleindes onderhou word. Boorgate moet sover moontlik gebruik word.

   b) Op die was van sekere geplaveide areas by abattoirs, persele wat vir die verwerking van kos gebruik word, en op motorskoonmaakdienste nie;

   c) Waar spesiale vrystellings skriftelik deur die Munisipaliteit Stellenbosch toegestaan is nie; en

   d) Waar ander bronne van ondrinkbare water gebruik word en ‘n kennisgewing wat die bron aandui, bv “Boorgatwater”, in ‘n osisie opgerig is wat duidelik van ‘n openbare deurgang sigbaar is nie.

WATER RESTRICTION MEASURES WITH EFFECT FROM 1 NOVEMBER 2015

1. The use of potable water distributed by Council used for watering gardens, lawns, parks and public open spaces is restricted as follows:

   Watering of gardens, etc. may only take place from 05:00 to 10:00 and 16:00 to 22:00 on alternative days.

   - Gardens at houses with **odd** street numbers may be watered on **odd** calendar days.
   - Gardens at houses with **even** street numbers may be watered on **even** calendar days.
   - No gardens may be watered on two consecutive days.

2. The use of potable water distributed by Council used for watering gardens, lawns, parks and public open spaces is **prohibited between the hours of 10:00 and 16:00 and between 22:00 and 05:00.**

3. The use of hosepipes connected directly or indirectly to Council’s distribution system for the purpose of washing or rinsing motor vehicles, motor cycles or motor boats, movable or immovable structures, paths, pavements and paved areas (regardless of the nature of the material used for paving such areas), is prohibited.

4. All automatic-flushing urinals shall be turned off in all buildings during times when such buildings are normally vacated by the public and/or staff other than cleaning staff. Attention is also drawn to Provincial Gazette Extraordinary Number 5014 (1996) which prohibits the use of automatic flushing urinals.

5. The restrictions referred to in paragraphs 1, and 2 shall not apply:

   a) For the purpose of watering plants in nurseries that are conducted as a business, nurseries owned by the Council or State and collections maintained for research purposes. The use of boreholes must be utilized as much as possible.

   b) For the washing of certain paved areas at abattoirs, premises used for the processing of foods and to car valet services;

   c) Where special exemptions have been granted in writing by Stellenbosch Municipality; and

   d) Where other sources of non-potable water are used and a notice indicating the source is erected in a position clearly visible from a public thoroughfare e.g “Borehole Water”.

EJ WENTZEL
WAARNEMENDE DIREKTEUR: INGENEURSDIENSTE
ACTING DIRECTOR: ENGINEERING SERVICES

Tel: +27 21 808 8215 | E-mail: engineering.services@stellenbosch.gov.za
Physical Address: Plein Street, Stellenbosch, 7600 | Postal Address: PO Box 17, Stellenbosch, 7599 | Website: www.stellenbosch.gov.za